Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

24 November 2019

OGGENDDIENS: Ds Piet Venter

Die einde van die jaar is gewoonlik ‘n tyd van evaluering van en terugkyk op alles wat die afgelope jaar in jou lewe gebeur het. En saam met die Prediker vra jy ook (vers 9): wat kry ek dan nou vir al my moeite en werk? Watter sin en betekenis lê daar in alles wat die jaar gebeur het? Is dit dan nou maar net dat ek ‘n bonustjek kan kry en bietjie vakansie kan hou? Is dit die sin van alles? En dan antwoord die Prediker: Nee! Hier is niks op aarde in wat jy kon doen, beleef of bereik wat betekenis aan jou lewe kan gee nie!

Die enigste betekenis lê buite jouself in dit wat God aan jou geskenk het: ‘n begrip van “die onbepaalde tyd” wat God in jou hart gelê het. Waarmee vul jy daardie “behoefte aan ewigheidsbetekenis”? Wat maak dat jy alles wat God met jou laat gebeur het, elke saak, tyd en seisoen sinvol kan waardeer en geniet?

Alleen die Gawe wat God in die volheid van die tyd aan die mensdom geskenk het: Jesus Christus! In en deur Hom kry elke saak, elke oomblik in tyd en elke seisoen van jou lewe ware betekenis en kan jy dit geniet en waardeer.

Tema: Vertrou en geniet in Christus God se goeie bestuur van jou lewe, jou tye en seisoene.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 594: 1, 2, 3; Lied 571: 1, 3, 4 en
Lied 464: 1, 2, 4

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied:Ps 31-2: 6, 7; Votum; Seën;
Loflied Ps 8-1: 1, 3, 7, 9; Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Eksodus 20; Sing Ps 90-1: 1, 2, 7, 9 (eerste mel); Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Prediker 3: 1 - 15;
Teksverse: Prediker 3: 1, 9 - 14
Sing Ps 39-1: 3, 4, 7; Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe; Sing Ps 104-1: 1, 12, 19, 20, 21; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

17:30 VIR 18:00 GESAMENTLIKE KERSSANGDIENS: DIE BULT

MEELEWING

- Jasper Venter (Groep 39 - 082 854 7229) het begin met bestraling van sy rugmurg. Hy kry bykans elke tweede dag bloedplaatjies en is baie swak en moeg.
- Douw Grobler (Groep 37 - 082 733 8385) was die afgelope week in Medikliniek opgeneem met ‘n niersteen en hulle het ook met bloedtoetse vasgestel dat daar ‘n mate van hartversaking intree. Hy en Hantie het hierdie week tydelik na Parys verhuis, maar bly lidmate van ons gemeente.
- Erika Kruger (Groep 8 - 082 428 7386) het ‘n knie-operasie in Pretoria ondergaan en sterk tuis aan.
- Rita Kleynhans (Groep 31 - 083 327 5749) is in Multisorg opgeneem vir pynbehandeling.
- Lumé Traut (Groep 13 - 060 800 0361) is in Multisorg opgeneem vir behandeling.
- Douw Kruger (Groep 23 - 082 409 1030) het Donderdag ‘n operasie ondergaan vir behandeling van blaaskanker.
- Susamarie de Villiers (Groep 21 - 082 416 3998) ondergaan eerskomende Dinsdag ‘n operasie in Medikliniek.

Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Bert en Gep Floor, Magdaleen Venter, Koos en Marlene Jooste, Lana Labuschagne en Annette Coetsee.

BAIE GELUK!

Marlene Jooste is sedert Februarie 2017 'n lidmaat van ons kerk. Sy het nooit die voorreg gehad om 'n erediens in ons kerk by te woon nie. Sy is 'n inwoner van Samuel Broadbent Huis waar sy in die Alzheimer Eenheid met liefde versorg word. Ons is op 6 Desember 2019, 50 jaar getroud. Ek wil hulde bring met die gedig op bl. 5 wat die vergrootglas plaas op lyding van Alzheimer-lyers.
Van: Koos Jooste

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir: siekes@oosdoppers.co.za of
Em Volschenk (082 564 1940) en
Elma Leijenaar (082 398 2874)
Medikliniek = 09:00-13:00 en 15:00-20:00
Mooimed = 11:00-11:30 en 15:00-16:00
en 19:00-20:00
Potch Hospitaal = 15:00-16:00
en 19:00-20:00

NAME VIR GOEDKEURING VIR DIE DIENS VAN OUDERLING

Die volgende persone word as ouderlinge voorgehou aan die gemeente vir goedkeuring: Neels Coetzer en Thys Botha.

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Tee en koffie in die Skuur
17:30 Gesamentlike Kerssangdiens:
Die Bult

Donderdag
08:00 Uitpak: Kersmark

Vrydag
09:00 Kersmark begin

AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid (Zapper betaal-metode beskikbaar)
- Gawe by die deure vanoggend vir die Diakonie.
- Gawes volgende Sondag vir Bystandsfonds: Diakonie KO
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 24 en 25.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 24 November

Sr Christa Bloem	082 376 9412

Maandag, 25 November

Br Louis Kruger **(74)**	082 785 1735

Dinsdag, 26 November

Br Walter Plotz	083 487 7497

Donderdag, 28 November

Br Danie de Waal	082 654 7128
Br Andries du Plessis **(71)**	072 292 4972
Br Pierre Volschenk	082 467 5800

Vrydag, 29 November

Br Johannes v As	078 893 8962
Br Jan v Jaarsveld	081 212 3729

Saterdag, 30 November

Br Bertie Basson	078 585 7767
Sr Marike Grobler	082 461 1515
Sr Marthie Kruger **(72)**	082 825 2924

Mooirivier Kersmark

Liewe gemeente

Daar 4 dae oor voordat ons Kersmark begin!! Ons het u hulp baie nodig om ‘n suksesvolle kersmark aan te bied. Daar is **lyste** in die voorportaal sodat almal ‘n goeie geleentheid het om hulle name op te skryf en aan te dui waar hulle bereid is om te help. Ons het ons gemeente se ondersteuning baie nodig om van hierdie geleentheid ‘n sukses te maak.

Indien daar nog gemeentelede is wat die kersmark wil **BORG** is julle welkom om dit vandag of Maandag met Rieëtte / Janus Earle te kommunikeer.

<u>Ons benodig die volgende items om te leen/skenk tydens die kersmark:</u>

LEEN:
Mikrogolfoond
Vierkantige (1m x1m) plastiese tafels
Staanwaaiers

SKENK:
Batterye (AA)
A4-Papier

HULP:
Ander hulp op hulplyste in voorportaal!

GESAMENTLIKE KERSSANGDIENS

Jy word hartlik uitgenooi na ons gesamentlike Kerssangdiens DV vanaand by GK Potchefstroom, Die Bult. Dit beloof om weer ’n geleentheid te wees waar ons

om die Woord van die Here en met heerlike samesang die geboorte van ons Here Jesus vier. Hierdie jaar gaan die Puk-koor en Antoinette Olivier ons lei om saam met ons die aand besonders te maak. Nooi asb julle vriende saam na die geleentheid toe.
Hoewel die diens formeel om 18:00 begin gaan daar reeds koorsang vanaf 17:30 wees om u te verwelkom. Maak ook asb ’n tydjie om na die diens saam met ons koffie te drink.

ALMANAK 2020

Lidmate wat die Almanak bestel het kan dit in die kerkkantoor af haal - R86 elk.

BENODIG IN ELIM

Die naskoolse-jeug benodig koffiebekers en glase vir Elim. Enige skenkings sal baie waardeer word.

BEJAARDES: AFSLUITINGSFUNKSIE

Ons nooi ons bejaarde lidmate om hul afsluitingsfunksie saam met ons te geniet by die Kersmark op **Dinsdag, 3 Desember** met ‘n gratis ete by die Kersmark.
Die datum op ons jaarprogram verander dan van Woensdag, 13 November na Dinsdag, 3 Desember. Ons hoop om julle almal daar te sien!

POS BESKIKBAAR:
KOSTER GK POTCH-OOS

Aansoeke vir die pos as koster van GK Potchefstroom-Oos word tans ingewag by die kerkkantoor. Ons huidige kosterpaar beoog om einde van 2019 “af te tree”.

Posbeskrywing:

Die Koster is onder andere verantwoordelik vir die instandhouding van die terrein en geboue van die GK Potchefstroom-Oos in samewerking met die Eiendom diensgroep. Die instandhouding van alle toerusting, wat onder hierdie verantwoordelikheidsarea val. ’n Verskeidenheid take voor en tydens eredienste en ander byeenkomste om te verseker dat alles vlot verloop.

Die oop- en toesluit asook skoonmaak van die kerkterrein en kerkgeboue. Toesighouding oor die kerk se dienswerkers, fasiliteite, tuin en terrein.

Die ideale kandidaat moet oor die volgende bevoegdhede beskik:
Betroubaar en stiptelik wees;
Vermoë om te kan organiseer;
Ervaring in toesig van personeel;
Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede;
Goeie spanvaardighede (moet saamwerk met leraar, kantoor-personeel, orrelis);
Bereid wees om aktief by die gemeente in te skakel.

'n Volledige taaklys sal by die onderhoud bespreek word. Belangstellendes word versoek om ’n CV met dekbrief voor of op 25 November 2019 te stuur aan kerkkantoor@oosdoppers.co.za. Die suksesvolle kandidaat moet beskikbaar wees om so spoedig moontlik na 1 Januarie 2020 diens te aanvaar. Navrae kan gerig word aan die kerkkantoor by 018 2907690 (Ma-Vr 08:00- 13:00) of per epos aan kerkkantoor@oosdoppers.co.za

UITREIK - KERSPAKKIES VIR HUIS HEBRON. WIL JY OOK IETS GEE?

Die Susters maak elke jaar fondse beskikbaar om die inwoners van Huis Hebron met Kersfees ook te bederf met iets spesiaal. Kleingroep 31 neem vanjaar die verantwoordelikheid om hierdie uitreik te organiseer. Ons nooi graag lidmate uit om ook ‘n bydra tot die uitreik te maak by wyse van kontantskenkings of persoonlike toiletware. Kontak gerus vir Elsie Ferreira of Christo van der Walt in die verband.

DROOGTEHULP IN DIE KAROO EN NOORD-KAAP

Ons Diakonie het reeds namens die gemeente ruim skenkings gemaak aan hulp vir boere in die droogtegeteisterde gebiede. Die NG Kerk Potch-Oos is ook besig met hulp aan die gemeenskappe van Carnavon en Vanwyksvlei. Hulle wil graag skryfbehoeftes vir 2020 aankoop vir die leerders van die skool op Carnavon waar ouers deur die droogte getref word. Hieronder is die bankbesonderhede indien iemand ook vir die projek ‘n bydrae wil maak.

ABSA
SDDS
Bankrekening – 333 014 1750

HULDE AAN MARLENE JOOSTE (bl. 2)

ALZHEIMER'S POEM

Do not ask me to remember,

Do not try to make me understand,

Let me rest and know you are with me,

Kiss my cheek and hold my hand,

I am confused beyond your concept,

I am sad and sick and lost,

All I know is that I need you to be with me at all cost,

Do not lose your patience with me,

Do not scold or curse my cry,

I can't help the way I am acting,

Can't be different though I try,

Just remember that I need you,

That the best of me is gone,

Please don't fail to stand beside me,

Love me till my life is done.

(Outeur Onbekend)

BEROEPENUUS

Beroep ontvang
Proponent MW Kruger (Thinus) na GK Newcastle.

Beroepbaarstelling:
Die volgende manne is die afgelope week deur verskillende Streeksinodes ge-eksamineer en beroepbaar gestel. Hulle staan nou bekend as “proponente” terwyl hulle wag op ‘n beroep. Ons bid dat die Here hulle spoedig na ‘n gemeente sal stuur:

- Hanno van Schaik - ons is baie trots op Hanno en baie dankbaar saam met hom en Lisani.
- Hendrik Verryn.
- Rynhart Boersema.

- Dirk Meijer.
- Jonker Venter.

Emeritaat:
Die volgende predikante emeriteer in die loop van November/ Desember 2019

- Dr Douw Breed - GK Waterkloofrand, Pretoria.
- Ds Daan Bakker - GK Boksburg.
- Ds Paul van den Berg - GK Centurion.

ALGEMENE INLIGTING

WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en polystyrene - *hoef nie gesorteer te wees nie, herwinningsitems moet wel in plastieksakke toegebind wees EN PLASTIEKBOTTELS MOET ASB PLAT GETRAP WORD*. **ASB GEEN huisafval nie!** Die glas/blikkies/plastiek moet asb **uitgespoel** wees.

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Videos van elke erediens kan hier gesien word: Facebookblad “Geref Kerk Potch-Oos..Videos van Preke by http://ow.ly/ivfZ309vsdc.
Ds Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hulle indien jy dit wil ontvang.

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoon toepassing)
Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en **slegs** **bydraes vir Barmhartigheid** kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS & KANTOOR

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637

Kerkkantoor: Adele 018 290 7690 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Kosterspaar: Johan 061 336 7255
Elsa 073 959 8051

SUSTERS IN DIE GELOOF

"Om-gee-wingsbewus"

Teeskinkgeleenthede

- *Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters, broers en kinders wat met die skink en opwas help!*
- *Ons moedig susters en broers, selfs gesinne aan om met die skink en opwas te kom help – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!*

*SAP word **vandag** deur die volgende groeplede en hul groepsusters bedien: Karin Kruger en groep 6, Naetta van Zyl en groep 15, Mari Steyn en groep 27, asook Nelleke du Toit en groep 35.*

***Volgende week** skink Hester Lombard en groep 7, groep 16, Estelle van Hamburg en groep 29, asook Annari Oelofse en groep 36 se susters, tee. Baie dankie julle!*

Blikkies-warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. ***Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee

Belangrike datums vir die maand

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
29 Nov – 7 Des	Vry - Sat	07:00 tot 20:00	Almal	Mooirivier Kersmark
3 Des	Dinsdag	10:00	Bestuur en groepsusters	Bejaarde lidmate: afsluiting

Baie dankie aan ons borg van die week!

HUIZEMARK
EIENDOMSAGENTSKAP

ONS HET VOORDURENDE POSTE BESKIKBAAR VIR AGENTE EN BEMARKERS

ONS DOEN :
Verkope & Verhurings
* Huise, * Woonstelle,
* Meenthuise,
* Besigheidspersele,
* Plase, * Plotte

huize mark you're home

VIR ALLE EIENDOMSBEHOEFTES SKAKEL
Rolene vd Walt
082 859 6209